# OORSPRONG EN WESE VAN DIE SONDE

*Ds. Nico van der Merwe.*

*Inleidend*

Die sonde lê op die terrein van die etiese. Dit is daarom nie net intellektuele „dwaasheid" nie. Nog minder is dit net 'n kultiese oortreding of „schennis" van die lewensnorme. Sonde is 'n kwaad teenoor God en daarom ook teenoor ons naaste en teenoor onsself sodat verkenning van die terrein van die sonde vir die teologiese etiek as vakwetenskap van die allergrootste belang is.

## 1. *OORSPRONG VAN DIE SONDE*

Vanuit die Woord van die Here bely die kerk dat God onveranderlik, almagtig, volkome, wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is (N. Gb. Art. 1) en dat hierdie God, wat alle dinge geskape het, ook nog sy skepping onderhoud en regeer: dat in hierdie wêreld niks sonder die beskikking en die wil van die Here gebeur nie; dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede, en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom (Art. 13 Ned. Gb., Son. 10 Heid. Kat.). God werk alle dinge volgens die raad van sy wil (Ef. 1 : 11). Sy besluite staan onveranderlik vas. Die raad van die Here bestaan van ewigheid af (Ps. 33 : 11), vry, wys. Hy voer dit ook uit, God se wil, ewige raad en besluit omvat ewig alle dinge, die einddoel so wel as die middele en die weë om daardie einddoel te bereik. „Toevallighede" kom dus nie in die geskiedenis voor nie. *Onvoorwaardelik* gebeur wat God van ewigheid besluit het (Rom. 9 : 18 - 23). *Alomvattend* is God se Raad en niks of niemand kan daarvan onttrek word nie. *Onveranderlik* gebeur dit soos wat God besluit het (Jes. 46 : 10, Spr. 19 : 21, 21 : 1). Hierdie Bybelse gegewens sê dat alles wat gebeur, toegeskryf kan word aan die ewige Raadsbesluit van die Here.

### *1.1 Die probleemstelling*

*As God algoed is,* waarom het Hy 'n wêreld geskape waar sonheid en liefde.

*As God almagtig is,* waarom het Hy nie die sonde en lyde voorkom nie, as Hy nie die oorsprong daarvan is nie? En as God nié die oorsprong is nie, dan is Hy immers nie volstrek almagtig nie !

*As God alwys is,* waarom het Hy nie 'n weg bepaal wat ons die verskriklike vloek en lyding sou spaar nie.

As *God regverdig* is, waarom ly die onskuldige en geniet die goddelose net voorspoed?

Die probleem word al hoe groter hoe meer jy daaroor peins. Die bestaan van die sonde, die kwaad en die gevolge daarvan bring 'n „botsing" tussen *God se deugde* en *die werklikheid* van die mens se daaglikse doen en late. As God nié die bewerker van die kwaad en sy gevolge is nie, is God nie almagtig en sy Raad nie alomvattend nie. Indien God wél die bewerker van die kwaad is, bots dit met sy goedde en lyding intree?

Die probleem vir die teologiese etiek is *die verhouding tussen die Godsregering en die kwaad, probleem by uitnemendheid* vir die Christelike denke, probleem van die *onbegryplike misterie,* die raaisel van die sonde. Hier het die mens te doen met *onversoenlike kontraste.*

*1.2 Antwoorde op hierdie probleemstelling*

*Om God die oorsaak van die sonde,* die kwaad te noem, gee die maklikste en eenvoudigste antwoord op hierdie probleemstelling. Met die isoleer en rangskik van 'n paar Bybeltekste kan hierdie antwoord lyf gegee word. *C. Clemen,* 'n Duitse teoloog uit die vorige eeu, bewys die Deus causa peccati met die verhardingswoorde vgl. Ex. 7 : 3 (Farao), Deutr. 2 : 10 (Sihon), Jos. 11 : 20 (stede), 1 Kon. 12 : 15 (Rehabeam), 1 Sam. 2 : 25 (Hofni en Pinehas), 2 Sam. 16 : 10 (Simeï), 1 Sam. 16 : 19) (Saul). Die goeie en die slegte kom van die Here af (Job 2 : 10). God is ook die skepper van die duisternis (Jes. 45 : 7). Uit die mond van God kom goed en kwaad (Klaagl. 3 : 34 - 38). God bewerk die onheil (Amos 3 : 6).

Deur hierdie tekste op hierdie wyse lukraak saam te flans verval die mens in dwaalleer. In hierdie teksverse word die werk van *Gods gerig en straf* aangedui en word God nie as die bewerker van die kwaad uitgewys nie. As God toornend die onheil werk, is dit nié in stryd met sy heilige afkeer van die sonde nie. Dit openbaar juis God se afkeer van die sonde en sy toorn bedoel juis om die sondaar tot boete en berou en beskerming te bring (Job 26 : 8 - 9, Ps. 119 : 67).

*Nog ander* sou wou aansluit by Paulus se woorde aan die Romeine (11 : 36): „Uit God en deur God en tot God is alle dinge", veral by: „Uit God is alle dinge;" d.w.s. goed en kwaad en ook die sonde. Die kwaad word kousaal uit God verklaar en God tot Outeur van die kwaad gemaak, asof die Here die Onheiligstigter en Amokmaker, die groot sondaar en Brandstigter van die heelal is.

*Die Grondfout van hierdie standpunt* is dat dit die onderskeid tussen die bestaan van God en dié van sy skepsele ophef. Hierdeur word die selfwerksaamheid en verantwoordelikheid van die mens as *die tweede oorsaak* misken en word God die causa peccati. Hierdie denke laat die bestaan en werk van die mens in God opgaan en maak God tot oorsaak van die kwaad. God en wêreld word materialisties vereenselwig met die beroep op: *Alles is God en God is alles; God en skepping word een* (Rom. 11 : 36; 1 Kor. 8 : 6; 1 Kor. 11 : 12). Die *„skepsele"* word 'n verskyningsvorm van God. Die *„natuurorde"* is die bestaanswyse en regering van God. Die *„natuurloop"* is die doenmanier van God. Die *verloop van die natuurgebeure* en God se voorsienigheid word identies. Die *natuurwette* is dieselfde as die besluite van God.

Om nou te sê dat God die wêreldkwaad is soos wat Hy die wêreldgoed is, gaan nie op nie en laat die vaderlike goedheid, liefde en barmhartigheid verdwyn. God word gemaak tot die wêreld-sonde en die wêreld-kwaad.

*1.3 Beoordeling van hierdie standpunt*

*Die Belydenis* (NGB. Art. 13, DLR I.5, HBK Vr. 7 en 9, Lutherse Cofess. Augustana 19) handhaaf as weerklank op die Bybel: „Deus non est causa auctor peccati" Enige poging om die sonde (kwaad) kousaal uit God te verklaar, word aangedui as blasfemie.

*Gods Woord* gee ondubbelsinnig antwoord. *GOD IS LIG.* Die Bybel openbaar God se ligheerlikheid (1 Joh. 4 : 5 - 7, 1 Tim. 6 : 16). In God is geen duisternis (simbool van die sonde, kwaad), nie. Paulus noem sondedade werke van die duisternis (Rom. 13 : 12, Ef. 5 : 11). Die Efesiërs het vroeër in die duisternis verkeer (Ef. 5 : 11). Daarom is mense verlos uit die mag van die duisternis (Kol. 1 : 13).

In Christus se ganse bestaan is Hy die openbaring van die Vader (Hebr. 1 : 3), die vlekkelose en onberispelike Lam (1 Petr. 1 : 19 - 20) wat geen sonde geken het nie (2 Kor. 5 : 21). Só is God 'n skadulose lig (Matt. 5 : 48, 19 : 17, Joh. 1 : 18, 14 : 9, 17 : 11). Die Bybel stel die distansie en antitese tussen God en die sonde skerp (Ps. 5 : 5 - 6) en die allerskerpste sigbaar in die oordeel oor Christus (Matt. 27 : 26).

*GOD HET GEEN DEEL AAN DIE KWAAD NIE* (Jakobus 1:13-18). Jakobus vra na die oorsprong van die sonde en noem dit 'n dwaling (vs. 16) om te beweer dat die sonde van God kom (vs. 13). Wat van God kom, is die goeie, die volmaakte (vs. 17). God kan deur die kwaad nie versoek word nie (vs. 13). Die kwaad kan God nie aantas nie. God is goed en doen goed (Ps. 119 : 28) en kan Hom ver van die goddeloosheid en onreg (Job 34 : 10; Hab. 1 : 13; Ps. 22 : 4).

*GOD VERTOORN HOM OOR DIE SONDE.* Sy oordeel daaroor bewys van die volstrekte en radikale distansie tussen God en die sonde. Daarom word God 'n vyand vir sy weerspanninge volk (Jes. 63:10, Klaagl. 2 : 4 - 5, Hos. 13 : 11, Jer. 15 : 14, geen medelye nie Hos. 13 : 14, maar sy vloek Deutr. 28 : 20). God is die regverdige regter oor die sonde-kwaad (Ps. 7 : 12) omdat die sonde skeiding maak tussen God en die mens (Jes. 59 : 2).

*1.4 Die Standpunt oor Goddelike Toelating van die kwaad.*

Toelating lê tog 'n verband tussen God en die kwaad. *PLATO* doen die uitspraak dat God nie die Skepper is nie maar alleen die Formeerder van die wêreld. As sodanig vind God se mag 'n grens in die stof en word God se mag ook deur die stof begrens. *ARISTOTELES* weet wel van goddelike voorsienigheid maar laat dit saam val met die natuuroorsake; die godheid as die Opperste Verstand of Gedagte staan buitekant die wêreld in eensame selfbeskouing, sonder wil en sonder handeling en mense verwag van Hom hulp en liefde.

*HIERONIMUS,* die kerkvader, oordeel dat dit belaglik is om daaraan te dink dat God Hom besorg sal maak oor die klein dingetjies van die lewe.

*DIE PELAGIANISME* skryf alle deug toe aan die eie wil en krag van die mens en só neem die mens 'n selfstandige plek teenoor God in. God is die passiewe toeskouer en die mens is die selfstandige, werkende oorsaak. Sy wil is vry om self die dinge te bepaal, regu-

leer en manipuleer. *DIE SEMI-PELAGIANISME* verdeel die arbeid tussen God en die mens. God doen 'n deel en die mens 'n deel.

*DIE SOCIANISME* leer dat God slegs uit bestaande stof geskep het. 'n Groot deel van die skepping onttrek hulle aan God se voorsienigheid en laat dit aan die mens oor. God staan teenoor die wêreld soos 'n ingenieur teenoor die masjien wat hy gemaak het. Hy gryp net in wanneer iets gebreek het.

*DIE REMONSTRANTE* verkondig dat daar tydens die skepping kragte aan die mens verleen is. Die voorsienigheid van God is 'n passiewe toekyk van wat gebeur. Wat op die aarde gebeur, is nie vooraf deur God besluit nie. En ten opsigte van die kwaad is God se posisie die van toelating en nie-verhindering (Dit is ook die standpunt van Barth).

*Beoordeling van hierdie standpunt*

Die Heilige Skrif spreek nie van 'n passiewe God wat dinge maar toelaat nie. Die aktiewe God stuur sy Gees uit en lewende wesens kom tot stand (Ps. 104 : 30). God het die ganse skepping gemaak en hou alles daarin lewendig (Neh. 9 : 6). Psalm 22 besing God as 'n God van daad en heilige aktiwiteit wat net maar spreek en dit is, wat gebied en dit staan. (Vgl. Psalm 107 : 23 - 35 en Job 38 en 39 i.v.m. sy voorsienigheid). „Die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie" (Ps. 121 : 4). God werk altyd met goddelike, alomteenwoordige, almagtige krag. Niks gebeur sonder die toedoen van die Vader nie. Hy sélf gee aan almal lewe en asem en alles (Hand. 17 : 25). Die sorg van die Here gaan oor die hare van ons hoof (Matt. 10 : 30). oor die kleinste mossie (Matt. 10 : 29), oor al die voëls van die hemel (Matt. 6 : 26), oor die lelies en die gras van die veld (Matt. 6 : 28), oor die jong rawe (Ps. 147 : 9). Om nou te sê dat God die kwaad toelaat is ook mis.

1.5 *Die Standpunt dat die kwaad 'n selfstandige mag is.*

Sommige sê dat die bose van die begin af 'n selfstandige mag teenoor God is. Die kwaad besit 'n volstrekt-outonome selfstandigheid. Die Manicheërs het die dualisme verkondig „dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en uit hulle eie natuur boos is sonder dat hulle verdorwe geraak het" (NGB. Art. 12). God is in geen enkele opsig verantwoordelik vir die realiteit van die kwaad nie. Daarom het die „kwaad Z'n bestaan (te) dankte exclusief aan eigen principe" (Berkouwer).

*Beoordeling*

Die Bybel ontvou aan ons die oorsprong van die kwaad soos volg: Satan het uit die hemel geval (Luk. 10 : 18 en Openb. 12 : 9). Onmiddellik maak dit 'n einde aan die dualisme. Satan en sy magte is uit Gód se hemele gewerp, was „lede" van God se goedgeskape engelemag. (NGB. Art. 12). In Vraag 9 van die Heidelbergse Kategismus bely ons die sondeval „deur die ingewing van die duiwel" maar die bose mag het nie fatalisties die mens oorval nie. Daarby kom die „moedswillige ongehoorsaamheid van die mens". Berkouwer beredeneer „onverklaarbaarheid der zonde én van haar oorsprong" sonder om dit as fatalisties te beskou. Die oormag van die kwaad beklemtoon magsaspekte in die ryk van die duisternis (Luk.

22 : 53, Kol. 1 : 13, Hand. 26 : 18, Luk 4 : 6, Joh. 12 : 31, 16 : 11, 14 : 30, Ef. 2 : 2, 6 : 12 - 13, Luk. 22 : 53, 2 Kor. 4 : 4, Joh. 8 : 44, e.a.)

*1.6 C. S. Lewis se onderskeiding*

The simple good descending from God.
The simple evil produce by rebellious creatures.
The exploitation of that evil by God for his redemptive purpose.
The complex good to which accepted suffering and repented sin contribute.

*1.7 Die formulering van Weatherhead*

*„The intentional will* of God" bevat radikaal geen kwaad nie maar as die sonde, onder God se toelating, versteur die intensionele wil van die Here.

*„The circumstantial will of God"* gebruik die kwaad. Hy sê: „when circumstances wrought by men's evil set up such a dilemma that Christ was compelled either to die or to run away, then in those circumstances which were themselves the fruit of evil".

*„The ultimate will of God"* bewerk d.m.v. die kwaad Sy eer en ons saligheid. „The ultimate will of God means in the case of the Cross, that the high goal of man's redemption, or to us simpler English, man's recovery to a unity with God — a goal which would have been reached by God's intentional plan had it not frustrated — will still bereached through His circumstantial will. In a sentence, no evil is finally able to defeat God or to cause any 'value' to be lost".

*1.8 Wiersinga se oplossing op die vrae van sonde en lyde*

*God ly mee in die lyding en die smart op die aarde.* God staan in hierdie opsig „op de plaats waarin Hij in het evangelie blijk te staan: aan deze kant van het lijden, bij en tussen de lijdende". Hy het self geen hand in die lyde van die mens nie. Om mee te ly, saam te ly, dít is sover God se posisie kom. Hy ly inderdaad meer as die mens en die lyde doen God groot verdriet aan. Daarom mag daar by die mens géén berusting wees in die lyde nie.

*Waar staan jy met God?*

Die Woord van God sê nie vanwaar kwaad en lyde vandaan kom nie, maar vertel net aan jou waar jy met God staan. Hy vervolg: „Waar komt het kwaad dan wél vandaan, en waaraan heeft het dan wél zijn leef- en groeikans te danken? Het ‚mysterie' ligt echter niet in de integriteit van Gods bemoeienis met ons mensen. Als het mysterie van het kwaad ergens geplaast moet worden, dan in elk geval eerder bij de mensen dan bij God". Dié God wat sy hand in alles het maak plek vir die weerlose God, wat ons lyde vrywillig op Hom neem en daarom daaronder ook swaarder kry as die mens.

Hy is daaraan nie gewoond nie en sal ook nie gewoond raak nie. God is soos 'n trekarbeider in 'n ontwikkelingsland, 'n „outsider", maar tegelyk dink hy intensiewer in die probleme en ellende van die ontwikkelingsland in as die inwoners self, daarom „insider tege-

lijk. De tegelijk vreemde én geëngageerde heeft de meeste kansen, om te lijden en om aan de verandering te werken".

Wiersinga praat van God se weerlose oormag. Hy ly met die mens mee. Inteendeel, Hy ly veel meer, veel intenser as die mense. Dít is sy weerloosheid. Die dinge wat op die aarde gebeur (Matt. 10 : 29 - 30) soos die mossie wat op die aarde val en die hare van my hoof wat getel is, gaan nie om God se bestiering nie „maar om Gods aandacht, Gods betrokkenheid bij het leed van die mensen". Dit trek 'n streep deur ons belydenis van Gods almag en sy voorsienigheid asook sy barmhartigheid en kastydende regterhand.

*Hoe interpreteer Wiersinga JOB dan?* Job se lyde getuig tog duidelik van God se almag en sy voorsienigheid. Wiersinga redeneer soos volg: Satan behoort tot die seuns van God (‚hovelingern') wat voor God verskyn (Job 1 : 6). „Met de andere hovelinge vormt ook de aanklager een soort van uitbreiding van God zelf. Zij zijn feitelijk geen ‚anderen' dan God zelf. Ook de aanklager is geen ‚ander'. Hij is om zo te zeggen Gods 'geweten'". In God se vraag aan Satan: „Het jy ag gegee op my kneg Job?" (1 : 8) en Satan se antwoord: „Is dit verniet dat Job God vrees?" (1 : 9), „verraadt Gods eigen onzekerheid". Satan neem die posisie in van ‚inkwisiteur'„ „een soort officier van justitie", wat die saak van Job aanhangig maak en „een test noodzakelijk acht". „In deze rol verraadt zich Gods eigen twijfel, zijn zwakheid. Niet sozeer Job is inzet van die proef als wel God!"

*Konsekwensies van Wiersinga se standpunt* Satant word God se „seun", God se „verlengstuk". Satan wat hom *téén God* rig, word nou tot 'n faktor *ín God.* Satan word nou God se onrustige gewete t.o.v. Job, 'n konflik in God self. Om sy twyfel insake Job op te los, sy gewete te sus, tref God Job met vreeslike onheile.

God word nou die direkte, aktiewe bewerker van die lyde. Vir Wiersinga gee Job 1 en 2 „geen verklaring van het onnoembaar vele lijden, enkel een voorbeeld van ‚verwerking' van zulk lijden. De proef op hemels niveau lijkt enscénering, en geen onthulling van wat zich achter elk lijden afspeelt". Hierin is God nie as almagtige, alwyse, voorsienige God bó die lyde verhef nie, maar altyd *onder, in* die lyde.

Jesus Christus het wel deel aan die menselike skuld, ons vloek en ons uitsiglose bestaan „maar Hij lijdt niet vóór die schuld tot verzoening van onze zonden". Die unieke betekenis van die lyde van Christus lê nie in sy versoeningswerk vir ons sondes nie, „maar in zijn vruchtbaarheid: na Jezus' dood volgen steeds nieuwe mense op de gehoorzaamheidsweg die gewoonlijk een lijdensweg blijkt te zijn". God het nie beskik dat Christus aan die kruis met die dood sou boet nie. God stuur en programmeer nie die lyde nie. Wiersinga wil dus van God se oordeel in die lyde en sterwe van Jesus Christus niks weet nie. „Het lijden dat een gevolg van dit woord is, is een betreurenswaardige bijkomstigheid".

*1.9 Op soek na 'n Bybelse antwoord*

Ons moet probeer „om die onuitspreeklike uit te spreek, die onformuleerbare te formuleer en die ondeurgrondelike te probeer deurgrond". Die oorsprong van die sonde en die verhouding en ver-

band daarvan met God is 'n misterie wat ons met ons menslike en beperkte verstand nie kan deurgrond nie. Vir die teologie is hierdie een van die moeilikste probleme wat steeds roep op 'n antwoord. Ons kan al die Bybelse feite net maar toestem en daarna eindig met „Ons weet nie".

*1.9.1 Daar is geen verband tussen God en die sonde nie*

In die alwyse Raad van die Here is die ontstaan van alle dinge beplan. Hy het sy besluit geformuleer insake die skepping en die geskiedenis. Die sonde het die volmaakte skepping van God van sy sierlikheid beroof. God het die sonde nie gewil nie. Watter plek die sonde in God se Raad inneem, weet en begryp ons nie. Ons het reeds aangetoon dat daar *niks van die sonde in en om God is nie.* Vgl. Job 34 : 10 en 2 Kron. 19 : 7. *Die voorsienigheid van God* het ook geen verband met die sonde nie. Omdat God 'n God van die goeie is, lê die sonde nie binne die „kragwerking" van Gods voorsienigheid nie. Hy onderhou en regeer alle dinge (Heid. Kat. Son. 10).

*1.9.2 Daar is tóg 'n verband*

*Sonde is nie 'n selfstandige mag* wat buite God om, bestaan nie. Sy Raad en voorsienigheid het ook die sonde tot inhoud. God is daarom geen lydelike toeskouer nie, maar het die sonde in sy Raad opgeneem sodat nie Hý nie, maar die mens die sonde doen. God kon die sonde belet het as Hy wou. Maar Hy wou die sonde ook gebruik om sy doel te bereik.

*God hanteer en gebruik die sonde* Die sonde is dus geen selfstandige mag naas God nie. Die sonde op homself is altyd iets negatiefs. Maar God heers daaroor, veroordeel dit, versoen dit en gebruik die sonde vir 'n positiewe doel. Die heil van God skitter soveel helderder en heerliker teen die agtergrond van die Bose (Spr. 16 : 4). God gebruik nou die sonde om sy kinders te beproef en te louter (Job 1 : 12, Gen. 45 : 5) en ook om sy vyande te straf (Deutr. 2 : 30, Rigt. 9 : 23 - 24, Joh. 12 : 40, 2 Thess. 2 : 11 - 12).

*1.9.3 Die skynbare teenstrydigheid*

Omdat die Bybel geen absoluut-duidelike uitspraak gee nie, loop ons teen 'n skynbare teenstrydigheid vas. *Aan die een kant* is daar geen oorsprongsverband tussen God en die sonde nie. *Aan die anderkant* is die sonde nie 'n selfstandige mag buite God nie en gebruik God dit. God handel oor, in, met en deur die kwaad volgens sy Raad.

*1.9.4 Bepalende faktore by die konklusie oor die skynbare teenstrydigheid.*

Die verduisterde verstand van die mens (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3/4, Artikel 1).

Die grense van die Skrifopenbaring (NGB. Artikel 2).

Die diepe onbegryplikheid van God self (Job 11 : 7 - 9), (Jesaja 40 : 28).

Die onbegryplikheid van God se Wese en weë. Calvyn (Instutisie, I, 18, 3) sê ook dat ons hier 'n grens erken wat objektief in Gods Woord gegee is.

Artikel 13 van die NGb vat soos volg saam: „dat in hierdie wêreld niks sonder sy (God) beskikking gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie. Want sy mag en goedheid is so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en doen, selfs wanneer die duiwels en die goddelose onregverdig handel. En met betrekking tot die dinge wat Hy doen bo die begrip van die menslike verstand, wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek instel wat ons begrip nie bevat nie; maar ons aanbid met alle ootmoedigheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons verborge is, en ons stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord sonder om hierdie perke te oortree.

## 2. *DIE WESE VAN DIE SONDE*

Ten opsigte van die wese van die sonde kan onmiddellik gestel word:

*Sonde* is nie iets materieels nie; *sonde* besit geen eie geestelike substansie nie (teenoor die dwaalleer van die Manicheïsme); *sonde* is nie die aksie self nie (teenoor Rome en Luther); *sonde* is 'n geheel onselfstandige mag; *sonde* lê in die mens 'n strewe, waardeur die aanwesige kragte teenoorgesteld omslaan; *sonde* verdraai en verderf wat God goed geskape het; *sonde* is korrupsie van die goeie.

Die wese van die sonde, die aard van die sonde kan nie anders bepaal word as in verhouding tot God nie. Die wese van sonde is ongehoorsaamheid, selfverheffing, twyfel, ongeloof, ontrou, vyandskap, oortreding, vervreemding.

### 2.1 *SONDE IS SONDE TEEN GOD*

Die teologiese etiek sou die spoor totaal byster raak en verhorisontaliseer wanneer buite rekening gelaat word dat sonde in die eerste en vernaamste plek sonde teen God is. 'n Misdaad teen die owerheid (oortreding van burgerlike wette), onreg teen die maatskappy (bedrog), of 'n wandaad teen my medemens (moord, diefstal) of teen myself (seksuele wandaad, selfmoord) is eties-verkeerd omdat dit God in sy heilige majesteit en heerlikheid aanrand. Vgl. *1 Kor. 10 : 31* . . . doen alles tot verheerliking van God; *Matt: 6 . 16 - 18* . . ." jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde". Wanneer ons dan die kwaad teëstaan en ontvlug en die goeie nastreef, dan doen ons dit ook nie om die gemeenskap, die mensheid te dien en gelukkig te maak nie, maar ons doen dit om God daardeur en daarin te verheerlik (Matt. 5 : 48). Vgl. Hand. 17 : 28a: „want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, . . ." Die mens is so geneig om in die kompartementele skema van horisontaal en vertikaal te dink. Op die een moment is hy vertikaal met God en die volgende horisontaal met die alledaagse dinge en sy medemens besig. Die twee rigtings van die liefdesgebod word van mekaar geskei in twee afsonderlike lewenssfere wat met mekaar niks te doen het nie.

Alle sonde, alle oortredinge, is in die eerste plek sonde teen God. Die alomteenwoordige en almagtige God het te doen met die hele lewe van die mens

*2.2 Sonde en die aktiewe daad*

Wanneer die mens deur sy aktiewe optrede sonde doen, is die daad as daad geen sonde nie. Aan die daad gaan 'n dieperliggende motief vooraf. Die sonde lê in die *sedelike doel* waarmee die daad gedoen word. Dit geld t.o.v. woorde gebruik (waarheid of leuen, tot eer of tot oneer), gedagte koester (haat of liefde, kuisheid of onkuisheid), waarom iemand bv. in oorlog om die lewe gebring word (selfverdediging of moord).

*2.3 Sonde wortel in die hart*

In die hart versin die mens die slegte en dan dien sy sintuie en liggaamlike organe as werktuie om die versinsels van die hart ten kwade uit te voer. Só konkreet word die sonde in die Bybel voorgestel dat die sonde verbind word aan die organe waardeur dit gemanifesteer word: Spr. 6 : 17 - 19 (die oë; tong; hande; hart; voete); Ps. 12 : 4 (lippe; tong); Jak. 3 : 9 tong.

Sonde begin dus in die hart van die mens waar die kwaad versin word (Gen. 6 : 5, Ps. 7 : 10, 139 : 13, Spr. 23 : 26, Eseg. 11 : 19, Jak. 1 : 14 - 15). Uit die hart van die mens kom daar slegte gedagtes, woorde, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal (Matt. 15 : 19). Daarom moet die hart goed bewaar word en dan sal die dade ‚goed' wees (Spr. 4 : 23). In die hart van die mens lê die sonde wat nog nie in die woord geopenbaar is of deur die daad verwerklik is nie, maar wat net so konkreet en werklik is as ons woorde en ons dade (Matt. 5 : 19 - 22, 7 : 16 - 20).

*2.4 Buite die hart van die mens bestaan geen sonde nie*

Vir die bestaan en voortbestaan van die sonde moet daar 'n sedelike wese wees, 'n skepsel van God wat sedelik goed of sleg kan optree. In die optrede van die mens en agter al sy woorde, dade, gedagtes ens., lê daar 'n etiese bedoeling. Uit wat die mens *wil* doen, kom daardie betrokke handeling op. Sonde is altyd gefundeer in 'n persoonlike wil. Die gang, rigting, stuur, bedoeling van die handeling gee daaraan 'n etiese karakter. Die doelpunt waarop die mens afstuur kan óf op God óf weg van God gerig wees. In laasgenoemde geval is dit sonde. Die sonde beroof die hart van die mens van goeie doelpunte, laat die rigting van die wet en dus God los en doen sonde.

Die sonde is dus nie 'n blote gemis of net 'n tekort nie. Die sonde is 'n werksame, verderwende beginsel van ontbindende aard, 'n aktiewe bederf van die goeie.

*3. IMPLIKASIES VIR DIE TEOLOGIESE ETIEK*

*3.1 Objek van die Teologiese Etiek bepalend beïnvloed*

Die studie van die oorsprong en wese van die sonde gee dus bepalend rigting aan vir die *objek* van die teologiese etiek, nl. die christelike, sedelike optrede van die mens, of soos Geesink (I,

1931, p. 172) formuleer: die wyse van die selfbepaling van die christen van heel sy handele in relasie tot sy medemens, hoe dit voor God behoort te wees. Teologiese Etiek is die wetenskap van die sedelike mens, nóg verder nl. die *willende mens* wat hier objek van sedelike beoordeling is.

Die beoordeling van die mens na die norm van goed en kwaad, reg en verkeerd, het te doen met die *willende mens.* By die optrede van die mens, sy dade, speel sy *wil* 'n deurslaggewende rol. Dit gaan egter nie net om die wil nie. Ons het hier o.a. te doen met die sondige begeerte wat nog agter die wil lê. Waar die Bybel die *hart* van die mens (met al sy begeertes, strewes en gedagtes) die sentrum van die mens noem (Spr. 4 : 23), raak dit die *ek,* in wie die sonde skuil, d.w.s. die hele mens in sy totaliteit.

*3.1.1 Die willende mens in sy totaliteit*

In sy oorsprong en wese is die sonde nie iets toevalligs nie, wat ek as mens sigselwers kan vermy of goed maak nie. *Sonde* behoort tot die *natuur* van die gevalle mens. In die diepste dieptes van sy EK, in sy lewenskern, is die mens sondig. Al die lewensfunksies van die mens (wat nou in die hart ontspring — Spreuke 4 : 23) is deur die sonde besmet.

Die *ontvangende funksie* van die mens, waardeur hy prikkels en indrukke van buite opneem (bv. sintuie) is ontvanklik en sentitief vir die sonde.

Die *verbindende funksie* van die mens nl. al die verskillende vermoëns waardeur hy die indrukke en prikkels van buite ontvang, rangskik, orden, bewaar, deur gewoontevorming, geheue, erkenning, herkenning en herinnering is deur die sonde verwring. So ontstaan die sondige neiging en begeerte tot gewoontevorming, die herhaaldelike geheuespel met die sondige wat eenmaal as indruk, prikkel van buite gesien is

Die *waarderende funksie* van die mens is die emosionele funksionering van die mens wat ook deur die sonde mank geslaan is t.w. die *temperament* van die mens (sy gemoedsaanleg en — geaardheid), sy *gevoel, emosie,* stemminge en affekte (dít wat die gevoel en die gemoed in beweging bring en rig).

Die *verlangende funksie* van die mens waarin die wilslewe en *motivering* voorkom, gaan swaar gebuk onder die neerdrukkende gewig van die sonde.

Die teologiese etiek rig hom op hierdie *ek* wat sedelik lewe, die mens in al sy psigiese funksies, die mens in sy totaliteit, waar dit saamgebundel en geïntegreer is in die *hart.* Die hart van die mens, met sy begeertes, strewes, gedagtes, is die sentrum van die mens waarin die sonde gewortel is. Ten diepste is die mens van hieruit sondaar.

*3.1.2 Sonde en die wil van die mens*

*Die wil* is die geïntegreerde, aktiewe strewe na 'n doel, deur wetende 'n keuse te doen. Die daadwerklike optrede van die mens is gebonde aan sy wilslewe. Selfs die vleeslike karakter van ons drif-

te en neiginge is bepaal deur ons wilslewe, wat sy stempel op ons natuur afgedruk het. 'n Wilsdaad is daarom 'n saak van die volledige mens. Sonde bederf baie duidelik en positief die wilslewe van die mens wat voor God verantwoordelik vir sy dade is.

Die teologiese etiek moet met die gevolge van die sonde op die wil van die mens rekening hou. *Al* die psigiese funksies, die ganse mens as *ek*, geskape na die beeld van God, is versteur deur die sonde.

Die wil van die mens het 'n besondere taak in die optrede van die individu. Die wil integreer, koördineer en elimineer die stukragte rondom 'n bepaalde doel. Dit is die wil wat die daadkrag gee aan die versinsels van die hart en die begeertes en redenasies van die verstand.

Die wil is in sy totale funksionering gebonde aan die menslike natuur wat deur die sonde verwring en besmet is. Vanweë die sonde is ek *van nature* geneig om God en my naaste te haat (Rom. 8 : 7, Ef. 2 : 3, Tit. 3 : 3, Kat. vr. 5). Hierdie sondige natuur van die mens dring nou deur tot die wil van die mens waar die motivering, dryfkrag, stimulans vir sekere daadwerklike optrede geïntegreer, gekoördineer en geëlimineer word. Dít is die *hart* van die mens waaruit die lewensdade ontspring (Spr. 4 : 23)..

Die teologiese etiek kan sonde nooit as siekte identifiseer nie en is die begeerte tot sonde ook sonde. In die praktyk word die begeerte tot sonde dikwels nie as oortreding van God se wet, sonde, aangewys nie, solank daar nie 'n daad gebore is nie. As *voorbeelde* kan genoem word: Naaktheid of naakte-kuns (skilder- of beeldhoukuns), naakte fotografie, ontkleedanse is op sigself nie sonde nie maar word eers sonde by dié een wat aan die begeerte toegee en daadwerklik sondig; Gewaagde (vroue-)kleredrag, trompoppies (wat hoogskop!) intieme hofmaking mag wel begeerte tot sonde prikkel, maar in die begeerte is geen sonde nie. Solank net nie tot die daad oorgegaan word nie.

Hier word die wese van die sonde beperk en verskraal en 'n stuk van die lewe aan die inwerking van die sonde onttrek omdat nie gevra word na die motief waarom iemand optree soos wat daar opgetree word nie, die motief in die hart van die fotograaf en die vrou wat haar naak laat fotografeer. Satan die vader van die sonde, rig hom op die hele menslike werklikheid en natuur in al sy onberekenbare onderdele. In Matt. 5 : 28 noem Jesus Christus die blote begeerte na 'n vrou (net in die hart) reeds egbreuk. Begeerlikheid baar sonde en sonde die daad (Jak. 1 : 13 - 15) . Paulus sê 'n bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur (Gal. 5 : 9) en die wat aan Christus behoort, moet die vlees met sy hartstogte kruisig (Gal. 5 : 24). Wanneer Paulus in Romeine 7 : 14 - 20 sê dat dit nie hy is wat die verkeerde doen nie maar die sonde wat in hom woon, bedoel hy dat sy verloste wil in Christus stry teen daardie bedorwe vleeslike wil van sy sondige natuur, al is die wortel ook afgesny

### *3.2 Die oorsprong en die wese van die sonde beïnvloed die taak en omvang van die Teologiese Etiek*

Die teologiese etiek het tot *taak* om die sedelike lewe (wil en handel) van die in sondegevalle, willende mens te bevorder. Met die

Heilige Skrif as hoofbron sal die teologiese etiek vir hierdie willende mens in sonde die rigting uit die wet van God moet aandui .

Die tiende gebod is vertrekpunt omdat dit juis teen die sonde wat in die *hart* van die mens wortel, gerig is en wat die mens, as eenheidswese in sy totale verskeidenheid en talryke samehange en funksies, in die diepste van sy *ek* aantas. Die eerste tot die negende gebod leer dat die mens deur woord en daad geen sonde moet DOEN nie.

Die tiende gebod leer dat die mens self geen sonde moet *wil* doen nie. Dit bring ons by die wortel van die sonde naamlik *die begeerte van die sondige hart van die mens* (Jak. 1 : 14 - 15, Matt. 15 : 18 - 19) wat die wil prikkel en motiveer en aktiveer om tot die daad oor te gaan.

Die tiende gebod eis van ons en ondubbelsinnig: „Dat ook die geringste lus of gedagte teen *enige gebod* van die Here nooit in ons hart mag opkom nie . . ." (Heid. Kat. Vr. 113) Die tiende gebod omvat dus die hele sedewet, waar die wortel (wil) van die oortreding van enige van die gebooie geanker is.

Hierdie stelling kan soos volg toegepas word: *Die eerste gebod* handel oor *WARE GODSDIENS.* Die sondige begeerte in die hart van die mens om in die plek van God of naas God iets anders te versin waarin hy sy vertroue kan stel (HK, Vraag 95), bring die mens tot afgodery in watter vorm ookal (Kol. 3 : 5, Deutr. 7 : 25, 1 Petr. 4 : 3). *Die tweede gebod* handel oor *WARE EREDIENS.* Wanneer ek die Here dien soos wat ek dit in sonde in my hart begeer, verval ek in verskillende vorme van beeldediens (Rom. 1 : 22 - 24, 1 Petr. 1 : 14 - 23, 1 Sam. 5 : 23). *Die vyfde gebod* handel oor *GESAG. Die menslike begeerte* tot selfhandhawing bring hom tot gesagsongehoorsaamheid (1 Petr. 2 : 11 - 17). *Die sesde gebod* handel oor *DIE LEWE. Die sondige begeerlikheid* tot eersugtige selfhandhawing en liefdelose vergelding, kan die wil van die mens ombuig tot haat, moord, nyd en wraak (Tit. 3 : 3). *Die sewende gebod* handel oor *KUISHEID.* Die mens *mag nie* die liefde buite die Godgestelde grense laat loop in sy veelvuldige uitinge nie. Deur net maar *onkuis te begeer* in die hart of gedagte, is soos die aktiewe daad 'n oortreding van die sewende gebod (Matt. 5 : 28, Rom. 1 : 24, 1 Thess. 4 : 5). *Die agste gebod* handel oor BESITTINGS. *Die sondige begeerte* in die hart om op 'n oneerlike wyse te bekom wat nie joune is nie, of te verkry wat nie aan jou behoort nie, of om te bedrieg tot eie verryking is net so 'n oortreding van die gebod as die aktiewe daad van die diefstal (Ex. 20 : 17, Deutr. 5 : 21). *Die negende gebod* beveel die *WAARHEID. Die sondige begeerte* van die hart laat die mens die waarheid verkrag terwille van die leuen. (Rom. 1 : 24 - 25).

Alles trek saam in die woorde van Mattheüs 15 : 19: „Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal". Daarom bid Dawid ook so ernstig tot die Here na sy sonde met Batseba: *„skep vir my 'n rein hart, o God . . ."*

### *3.3 Die wil en wilsvryheid*

Die wil van die mens is die geïntegreerde aktiewe strewe na 'n doel, deur wetende 'n keuse te doen. Sodra die sonde inwerk kan in

die wilshandeling van die mens vier *wilsmomente* duidelik onderskei word: *Die strewingsmoment* waarby hoofsaaklik die motiewestryd tuishoort, die vraag na die motief waarmee ek die doel wil bereik waarna daar gestreef word; *Die keusemoment* waartydens die keusemoontlikhede opgeweeg word om te bepaal wat hoër en wat laer gewaardeer moet word; *Die beslissingsmoment* waarin die doel wat in die strewing vervat is, *aanvaar* en nagejaag, *verwerp* of tot 'n latere tydstip *opgeskort* word; *Die uitvoeringsmoment* waartydens die wil die volledige mens só gemotiveer en geaktiveer het dat die daad waarop besluit is, uitgevoer word, ten goede of ten kwade.

Vanuit etiese oogpunt moet *nou ernstig gevra* word: Is hierdie wil van die mens vry van dwang of van natuurnoodwendigheid om te wil of nie te wil nie; besit die wil van die mens die vryheid om van twee dinge wat op sigself nóg goed, nóg sleg is, die een te wil en die ander nie; besit die wil van die mens die vryheid om van twee dinge waarvan die een goed en die ander sleg is, die goeie te wil en die slegte te laat? Die eerste twee vrae raak die psigiese vryheid terwyl die derde van etiese vryheid spreek. Die drie vrae saam vorm 'n teologies-etiese probleem.

*Die wil is vry; hy kan nie gedwing word nie, dog die vryheid bestaan nie in ewe-eensheid of onverskilligheid van dieselfde op dieselfde tyd te wil nie, maar die vryheid bestaan in die vanselfheid uit eie beweging 'n saak te omhels of te verwerp.*

*Is die wil vry om te wil of nie te wil nie?* Die wil van die mens is nie vry om te wil of nie te wil nie. Die wil is slegs een funksie en vermoë van 'n integrale mens. Vanuit die geskape eenheid van die mens word die wil gevoed deur die bewarende-, verbindende- en waarderende funksies. Die wil van die mens is afhanklik van die totalitêr-innerlike saamgesteldheid van die individu. Die skepsel is nooit los van sy Skepper nie, nie eens in sy eenvoudigste aktiwiteit nie. Daarom is daar ook 'n inwerking van God op die wil van die mens: „ . . . want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Fil. 2 : 13). God werk nie met dwang nie, maar tog is daar 'n reële werk van God in die wese van die mens, ook in sy strewe en sy gevoel ens.

*Die keuse tussen twee sake wat beide goed of beide sleg is* wanneer die wil 'n keuse moet doen tussen twee sake wat in hulleself nóg goed, nóg sleg is of een kan wil en die ander nie te wil nie, is die wil as enkele faset van die totale mens nie vry om te beslis nie. Die *verstandelike oorleg* (verbindend funksies van die mens), opvoeding, milieu, karakter ens., sal 'n woordjie meespreek. Ook die goddelike inwerking (Fil. 2 : 13) kan andermaal nie buite rekening gelaat word nie.

*Die vryheid om tussen goed en kwaad te kan kies.* Die sonde maak ten diepste van die mens 'n gebroke en verflenterde wese en druk sy stempel op die wil waardeur die mense „van nature geneig is" om die sonde en nie die goeie te doen nie. Teenoor die *sondige wil* van die mens, is daar egter die goddelike inwerking (Fil. 2 : 13) deur die heiligmakende krag van die Gees van die Here.

*Aan die een kant* staan die mens met sy eg-menslike (sondige) optrede en sy verantwoordelikheid daarvoor.

*Aan die ander kant* is die goddelike inwerking en die besluite van die ewige Raad van die Here God. „Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart bedink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie" (Jes. 10 : 7). Die Assiriër *wil nie* optree as die instrument van die Here om sy volk te straf nie, maar *sy wil* is om te oorwin en imperialisties te oorwin en verower.

Só is dit ook met die sondige wil van die mens. Die wese van die sonde is dat dit nie 'n essensie is nie, maar dat dit alleen in die hoedanigheid (-hede) is. Ons bely (DLR hfst. 3/4, art. 16) dat God deur die genade die wedergeboorte in die harte van die mense werk, „nie asof hulle stokke en blokke is nie, dit vernietig die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie, maar maak dit geestelik lewend, genees dit, verbeter dit en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtiglik, sodat waar wederspannigheid en teëstand van die vlees tevore volkome die oorhand gehad het, daar nou 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees die oorhand begin kry het. Daarin is die waaragtige en geestelike weeroprigting en vryheid van ons wil geleë. En as dit nie was dat die wonderbaarlike Werkmeester van al wat goed is op so 'n wyse met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê nie om uit die val te kan opstaan deur sy vrye wil, waardeur hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort het". Dit kán so wees, omdat God in die wil van die mens nuwe hoedanighede stort (DLR, Hfs. 3/4, Art. 11). Die mens stel hom in sy optrede wel 'n ander doel en motief as wat God wil voor en tog kom daar 'n resultaat tot stand, *wat God wél wil.*

Hier staan ons met die menslike verstand voor die onoplosbare, oplossing en die begryplike onbegryplikheid en die verstaanbare onverstaanbaarheid. Ons staan voor die vir die mens onomvatbare voorbeskikking van die Here en die skuld van die mens.

## BRONNELYS


1. Bavinck, J. H., DOGMATIEK, GEREFORMEERDE, II., 1967. Kok, Kampen.
2. Bavinck, J. H., DOGMATIEK, GEREFORMEERDE, III, 1967. Kok, Kampen.
3. Berkouwer, G. C., DE ZONDE, I, 1957, Kok, Kampen.
4. Berkouwer, G. C., DE ZONDE, II, 1958, Kok, Kampen.
5. Calvyn, J., Institusie, I.
6. Coetzee, J. V., GODSREGERING EN DIE KWAAD, *In:* Die Kerkblad, November/Desember 1938.
7. de Klerk, W. J., ROUSMART, 1966, Potchefstroom.
8. de Klerk, W. J., PASTORALE SENSITIWITEIT, 1975, Perskor-Uitgewery, Johannesburg.
9. COMPENDIUM DER THEOL. ETHIEK, s. j. (afgerol).
10. Dijk, K. KORTE DOGMATIEK, s.j., Kok, Kampen.
11. Dijk, K., DE VOORZIENIGHEID, GODS, s.j., Kok, Kampen.
12. Engelbrecht, B. J., *In:* Geloofsleer en Sedelaar vir St. 10, 1965, Interkerklike Uitgewerstrust, Potchefstroom.
13. Feenstra, J. G., LEER EN LEWE, 1969, Sacum Beperk, Bloemfontein.

14. Geesink, W., GEREFORMEERDE ETHIEK, I, 1931, Kok, Kampen.
15. Kuyper, A., DE PECCATO in Dictaten Dogmatiek.
16. Kuyper, A., (Jnr.) DE THEODOCEE, 1931, Kok, Kampen.
17. Lewis, C. S., A GRIEF OBSERVED, 1961, London.
18. van der Walt, S. J., GELOOFSLEER EN SEDELEER vir St. 10, 1965, Interkerklike Uitgewerstrust.
19. Weatherhead, L.D., THE WILL OF GOD, 1959, London,.
20. Wiersinga, Herman., VERZOENING MET HET LIJDEN, 1975, Ten Have, Baarn.